www.aiche.org/ccps

Process Safety Beacon

http://www.aiche.org/CCPS/Publications/Beacon/index.aspx

**Boodskappe vir vervaardigingspersoneel**


This issue sponsored by ioMosaic


www.iomosaic.com

September 2016

# Kan jy verandering herken?




In 2014 was daar 'n brand op 'n passasierskip omtrent 'n myl van die Amerikaanse kus af in die Atlantiese oseaan. 'n Bemanningslid het die rondtes gedoen in 'n masjinerie-ruimte en 'n vuur, veroorsaak deur brandstofsproei bo een van die vier aandrywingsenjins, opgemerk. Hy het die area verlaat en die skeepsbrug ingelig. Die korrekte noodprosedures is gevolg, die vuur is vinnig geblus deur die skip se vaste brandbeskermingstelsel (CO2). Nie een van die 174 persone aanboord is beseer nie.

Die vaartuig was toegerus met vier dieselaandrywingsenjins (1). Brandstof is aan elke silinder verskaf deur verstelbarelengte-skroefkoppelings (2). Daar was vier koppelings per enjin. Dié koppelings is ontwerp om installasie te vergemaklik omdat hulle verleng kan word wanneer die eindpunte in die silinderkonneksies ingeskroef word. Op die passasierskip waarop die vuur uitgebreek het, is die koppelings van drie van die vier enjins met inskroefpasstukke en rubberpype vervang. (3) Een van die pype het gefaal en brandstof direk op die enjin se warm uitlaatpyp gespuit, heel moontlik die bron van die ontbranding.

Verwysing: United States Coast Guard Marine Safety Alert 12-14, Washington, DC, November 3, 2014.

## Wat kan jy doen?

Hierdie insident het op 'n passasierskip plaasgevind, maar 'n soortgelyke insident kan op 'n prosesaanleg gebeur as daar nie 'n robuuste prosedure vir die bestuur van verandering (BVV) gevolg word nie. Die belangrikste stap in BVV is sekerlik om verandering te herken. Indien verandering nie herken word nie, sal die BVV-proses nooit begin word nie!

- Gebruik altyd die korrekte plaasvervangerparte om enige toerusting te herstel.
- Verstaan jou aanleg se BVV-prosedures, en jou rol om dit te implementeer.
- Weet hoe om veranderings te herken in prosedures, toerusting, instrumentasie, kontroles, proseskontrole-rekenaarsagteware, stowwe, en veiligheidstelsels.
- Indien jy voorstelle vir veranderings as deel van jou aanleg se BVV-proses goed moet keur, moet jy seker maak jy verstaan die basis van die oorspronklike ontwerp wanneer jy die voorgestelde veranderinge evalueer.
- As jy onseker is of iets wel 'n verandering is, vra om hulp, of wees versigtig en begin 'n BVV-prosedure.
- As jy 'n verandering raaksien op jou aanleg, moet jy vra of die BVV-prosedure vir die aanpassing gevolg is.

***Jy kan nie veranderings bestuur wat niemand herken het nie!***

©AIChE 2016. Alle regte voorbehou. Reproduksie vir nie-kommersiële, opvoedkundige gebruik word aangemoedig. Reproduksie vir komersiële doeleindes sonder uitdruklike geskrewe toestemming van AIChE is streng verbode. Kontak ons by ccps_beacon@aiche.org of 646-495-1371.

**The Beacon is usually available in Arabic, Afrikaans, Chinese, Czech, Danish, Dutch, English, French, German, Greek, Gujarati, Hebrew, Hindi, Italian, Japanese, Korean, Malay, Marathi, Persian, Polish, Portuguese, Romanian, Russian, Spanish, Swedish, Telugu, Thai, Turkish, and Vietnamese.**